KWARTAAL 1 I 2025

# NICO NUUS

**HOËRSKOOL NICO MALAN SE AMPTELIKE NUUSBRIEF**




**OPSOMMING:**

- Vanuit die skoolhoof se kantoor
- Klaskamernuus
- Sportnuus
- Ander sake
- Artikels

## VANUIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

**If you cut open a cocoon to help a caterpillar-turning-butterfly avoid the struggle of emerging, you rob it of the ability to fly. It's the struggle to escape the cocoon that forces fluid from the wings, strengthening them and enabling flight.**
**Don't try to make life easy for your child. You rob him of the opportunity to develop skills to survive in real life!**
**It is time for modern parents to heed the resounding call, to stand together and focus on being their child's best parent rather than their best friend!**

Die eerste kwartaal het letterlik verbygevlieg met al die aktiwiteite wat plaasgevind het. Ons is dankbaar vir goeie ondersteuning en baie positiewe insette deur ouers. Ons vra egter u hulp in sake wat hieronder aangespreek word wat ons werklik bekommer.

**Leerderaangeleenthede**:
"Teachers may be superheroes, but they aren't superhuman."
Met bogenoemde aanhaling in gedagte vra ons u as ouers/voogde se ondersteuning en HULP!

**Bevestig asseblief die volgende met u kind:**

- Jou akademiese vordering gaan gepaard met harde en deurlopende werk asook die inhandiging van alle take, praktiese assesserings en mondelinge.
- Om die minimum (30 %) te kry is werklik nie 'n sukses of prestasie nie. Strewe na ten minste 50 % en toelating tot tersiêre instansies.
- Afwesigheid is onaanvaarbaar tensy daar goeie mediese redes is.
- Selfone trek leerders se aandag in klaskamers af, en lei tot soveel as 8 % daling in prestasie volgens navorsing. (Sien ook artikel oor ander negatiewe impak van selfone.) Selfone word nie toegelaat by die skool nie en gaan afgeneem word indien dit gebruik, gesien of aangeskakel is wanneer in besit daarvan by die skool. LOS JOU FOON TUIS. (Skakel die kantoor by 042-2951130 vir baie vinnige diens en kontak met u kind.)
- Jy vloek nie en respekteer ander volwassenes en mede-leerders. Boelie en baklei, in alle vorme word ten sterkste afgekeur! Jy sorteer persoonlike probleme met jou mede-leerders op 'n menslike en respekvolle manier uit en bring dit ook nie skool toe nie.

# SKOOLHOOF SE KANTOOR

- Jy gee die beste vir die span waarin jy verkies word. Jy oefen harder en ontwikkel jou vaardighede beter wanneer jy nie die A-span haal nie en gee nie net op en hou op met speel nie.
- "Vape" en drankgebruik is sleg vir jou gesondheid en nie toelaatbaar by enige skoolaktiwiteit of enige plek waar jy skooldrag aan het nie.
- Jy is trots op jouself en die skool en respekteer daarom die kleredrag en netheidreëls. Hare is netjies en natuurlik, naels is kort, jy skeer daagliks wanneer nodig en geen grimering word gebruik nie.
- Jy is betyds by die skool en draai nie stokkies nie.

**STREWE OM 'N "NICO-ELITE" LEERDER TE WEES.**

**Personeel- en bestuursaangeleenthede:**

Ons verwelkom mev. Ansa Brittz as hulpmatrone by Lushof. Baie geluk aan mnr. Loock en mev. Anica Scott met die geboorte van hul seuntjie, Elwee. Baie geluk aan die volgende personeel wat by die leierspan aansluit: mev. Miranda Steffens, mnre. Coert Geldenhuys en Hanko Smit. Tydens die onlangse beheerliggaam-tussenverkiesing is mnr. M.C. Veldsman verkies. Veels geluk!

**Infrastruktuur en vervoer:**
Plaveisel is langs die A-netbalbane, klubhuis se ingang en gim-area gelê.
Humansdorp Vervoerdiens het 'n 35 sitplekbus aangekoop om te help met die veilige vervoer van leerders.

**Finansies:**
Ons wil graag net die beste vir ons leerders en die gemeenskap bied. Daar is werklik min skole in die platteland wat aan sy leerders die blootstelling en verskeidenheid aktiwiteite bied wat hier gedoen word.
Om dit volhoubaar te maak is dit egter van groot belang dat ouers/voogde besef dat dit hand aan hand gaan met finansiële volhoubaarheid.

Ons doen 'n ernstige beroep op almal om asseblief skoolfooie, asook ander finansiële verpligtinge soos toergelde, streng na te kom om te verseker dat die skool sy verpligtinge kan nakom en die hoë standaarde kan voortleef.

U moet onthou dat die staat slegs R165.00 per kind per jaar aan ons skool toestaan – R 151 800.00 per jaar. Ons maandelikse vaste uitgawes beloop meer as R 1 000 000.00 per maand. Net ons munisipale uitgawes beloop R 490 000.00 per jaar.

**Help asseblief met u finansiële bydraes om by te dra tot u kind se suksesvolle en volhoubare onderrig.**
**DIT IS DIE REGTE DING OM TE DOEN!**

**NICO - GROETE**
**F.J. LÖTZ**



# KLASKAMER-NUUS

## PROMOSIE KRITERIA:

Deurlopende assessering vereis dat leerders konstant deur die jaar moet werk. **Die gewig van die Junie- en Desember-eksamen speel 'n groot rol in die sukses van 'n leerder se akademiese prestasies.**

**Graad 8 - 9:**
Deurlopende assessering tot en met September tel 60 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 40 % van die finale promosiepunt.

**Graad 10 - 11:**
Deurlopende assessering tot en met September tel 40 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 60 % van die finale promosiepunt.

**Graad 12:**
Deurlopende assessering tot September tel 25 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 75 %.

Neem asseblief kennis dat u kind nie moet dink hy/sy slaag as gevolg van kwartaal 1 en kwartaal 3 se punte nie. Hy/sy moet deurlopend werk.

Ons ondervind ook dat baie leerders se lees- en luistervaardighede beperk is. U kan werklik help deur betrokke te raak by u kind op die volgende wyse:

- **Laat u kind 'n paragraaf of leesstuk lees en vra daarna vir u kind 'n paar vrae oor die inhoud.**
- **Lees vir u kind 'n stuk hardop voor en laat u kind aandagtig luister. Vra daarna 'n paar vrae oor dit wat u kind kan onthou.**

Deur hierdie twee eenvoudige metodes kan u dalk bydra tot u kind se verbeterde lees- en luistervaardighede wat uiters noodsaaklik is vir suksesvolle leer.

Leerders moet elke middag tyd spandeer aan tuiswerk sowel as nuwe werk wat in die klas gedoen is.

**Ongelukkig het die skool nie drukfasiliteite vir leerders se take nie. Indien take op 'n rekenaar gedoen word, moet u asseblief 'n harde kopie laat druk vir inhandiging by die skool. Leerders mag handgeskrewe take inhandig.**




## SLAAGVEREISTES:

**Graad 8 - 9:**
**Huistaal: 50 %**
**Eerste Addisionele Taal: 40 %**
**Wiskunde: 40 %**
**Enige ander 3 vakke: 40 %**
**Enige ander 2 vakke: 30 %**

**Graad 10 - 12:**
**Huistaal: 40 %**
**Enige ander 2 vakke: 40 %**
**Enige ander 3 vakke: 30 %**

**Eksamen: 26 Mei - 23 Junie**

## VAKVERANDERINGS:

Vakveranderings vir graad 10 kan tot en met 19 Mei 2025 gedoen word. Maak asseblief seker dat u 'n ingeligte besluit in belang van u kind neem. **Geen verdere vakveranderings word vir graad 11 en 12 toegelaat nie.**

## OUERAAND:

Oueraand vind op Dinsdag, 15 April 2025, plaas. Bestudeer asseblief u kind se rapport en maak 'n afspraak met die onderwyser, indien nodig. 'n Geleentheid word aan u gebied om met die vakonderwysers asook enige ander personeellid te kom gesels oor u kind se vordering en akademiese sukses. U kind kry volgende kwartaal 'n afspraakvorm. Dui asseblief daarop aan wie u graag wil sien. Vakonderwysers sal die tyd op u vorm bevestig en weer huis toe stuur.

## HANDBOEKE:

Handboeke wat by die skool gehuur word, moet asseblief in 'n goeie toestand gehou word. Indien so 'n boek wegraak of in 'n swak toestand ingehandig word, gaan u vir die vervangingswaarde van die handboek verantwoordelik wees.

***Die skool heropen op Dinsdag, 8 April 2025, om 07:30 met dag 2 van die rooster.***



# SPORT-NUUS

**HOËRSKOOL NICO MALAN SE LEERDERS EN ONDERWYSERS LEWER UITMUNTENDE PRESTASIES OP VELE TERREINE. 'N WOORD VAN GELUKWENSING AAN AL ONS PRESTEERDERS. DANK AAN DIE OUERS EN AFRIGTERS VIR HULLE ONDERSTEUNING.**

## ATLETIEK

**Die volgende atlete is gekies om die Oos-Kaap by die Nasionale Skole Atletiekkampioenskap in Bloemfontein te verteenwoordig. Die kampioenskap vind 2 - 5 April plaas:**

Alet Bezuidenhout (o/17 Hoogspring en Driesprong)
De-Ané Erasmus (o/15 400 m)
Patrick Kettledas (o/15 400 m)
Prince Latile (o/15 400 m)
Joshua Napoleon (o/19 800 m)
Cindy Strydom (0/19 Hoogspring)
Lienke Vosloo (o/14 90 m Hekkies en 300 m Hekkies)

**Die volgende atlete is gekies om 27 - 29 Maart aan die ASA Jeugkampioenskap in Kaapstad deel te neem.**

o/16:
De-Ané Erasmus (400 m)
Patrick Kettledas (400 m)
Prince Latile (400 m)
Lienke Vosloo (90 m Hekkies en 300 m Hekkies)

o/18:
Alet Bezuidenhout (Hoogspring)
Anzelle Botes (400 m)
Nina Strydom (200 m)
Kieran van Lill (200 m en 400 m)
Liam Vosloo (110 m Hekkies)

o/20:
Joshua Napoleon (800 m)
Cindy Strydom (Driesprong en Hoogspring)

## HENGEL

Jayden Pieterse o/19A OP-span (diepseehengel) wat 27 April tot 3 Mei in Port Elizabeth deelneem. Hy is ook die kaptein van die span.

## RUGBY

Baie geluk aan mnr. Abe Smith wat aangewys is as agterlynafrigter van die OP o/18 Cravenweek-span.

## SKAAK

Pedro Stuurman is gekies om deel te neem aan die "World Youth Rapid & Blitz Chess Championship" in Griekeland, Rhodes (12 - 18 April 2025). Skaak Suid - Afrika het hom genooi en hy is een van die 10 beste spelers onder sy ouderdomsgroep (gebaseer op sy gradering en die Grand Prix Lys van SA) in die land.

## TENNIS

**Ons is trots op die leerders wat ingesluit is in die volgende Oos-Kaapspanne:**

**o/15 OP-span:**
Daniël Veldsman

**OP-Synergyspan:**
Mia Botha, Naruschka Conradie, Reghardt Conradie, Nadia Dreyer, Simon Hoek, Zelné Millard, JM Pieterse, Lianca Rose, Chloé Timmer, Elandré van Loggerenberg

## KRIEKET

**Die volgende leerders is gekies vir volgende Oos-Kaapspanne:**

**OP Khaya Majola krieketspan (o/19):**
Dawid Vermaak

**OP Plattelandspan:**
Ruan Nel, Michael Pienaar en Estian van Staden

## GHOLF

**Die Nico Malan A-span eindig tweede in die streeksfinaal en kwalifiseer vir die Nasionale finaal. Die finaal vind later die jaar in Middelburg, Mpumalanga plaas:**

Liam Bekker, Troy Kennedy, Nico Lourens en Dawid Vermaak

**Deel asb u kind se prestasies met ons.**

*Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.*

# ANDER SAKE





## ALGEMEEN:

**SELFONE:**

Geen selfoongebruik word toegelaat op die skoolgronde tot 14:00 nie. Dit is 'n vlak B-oortreding: selfone word by die kantoor ingegee tot die einde van die dag en die leerder kry 'n direkte detensie.

**KLEREDRAG:**

Skoolbaadjies, met formele skooldrag, is op Vrydae verpligtend. Dit geld vir kwartaal 1 tot 4. Leerders kan Maandag tot Donderdag formele óf informele skooldrag dra.

**HERINNERING:**

Leerders mag nie buitemuurse aktiwiteite in die middae bywoon as hulle afwesig was in die oggend nie. Indien hulle Vrydae afwesig is, mag hulle nie Saterdae deelneem nie.




## INIKOLLIGFEES:

IniKollig Kunstefees het 25 en 26 Maart plaasgevind, Dankie aan almal wat die geleentheid ondersteun het.







# ANDER SAKE

**Voorlopige kwartaalprogram aangeheg, hou sms/D6 dop indien daar veranderinge is.
Kyk asseblief weekliks op Facebook, Instagram en D6 vir volledige terugvoer oor uitslae.**

## @NICO:

**Dankie vir jul ondersteuning!** Pryslys op D6 beskikbaar.

@Nico Klerewinkel se ure:

**Maandag, Woensdag, Donderdag:**

11:30 - 14:30

**Vrydag:**

11:30 - 13:30

## JAARLIKSE GHOLFDAG:



Ons jaarlikse gholfdag het op 28 Februarie by die St. Francis Links plaasgevind. Die 116 spelers het op die koel en bewolkte dag beslis die balle die lig laat sien. Baie dankie aan al die spelers en borge wat by die dag betrokke was. 'n Spesiale woord van dank aan die Nico Malan Ondersteunersklub wat voor gevat het met die reëlings en verseker het dat die gholfdag 'n reuse sukses was - spesiale woord van dank aan mnr. Conrad Dreyer.

## INLIGTINGSKAKELS:

Skandeer my, ek vertel alles wat jy behoort te weet.

## MYSCHOOL:

**Met MySchool help u die skool om maandelikse fondse te genereer.**
Ons vra ons ouers en ondersteuners om asb. Hoërskool Nico Malan as begunstigde op u **Woolworths MySchool MyVillage MyPlanet** kaart te maak.

Registreer hier indien u nog nie 'n kaart het nie,

## ADVERTENSIES:

Daar is verskeie advertensiegeleenthede beskikbaar. Kontak asseblief ons sportkantoor, mnr. Jaco Nepgen: jaconepgen@nicomalan.co.za




## ONDERSTEUNERS:

Klik op die volgende skakel om by ons WhatsApp-inligtingsgroep aan te sluit.

*Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.*

NM ONDERSTEUNERSKLUB

KENNIS VERLIG

*Die grondslag van jou lewensreis.*



# 20 REASONS WHY CELL PHONES SHOULD NOT BE ALLOWED IN SCHOOL

**18 September 2024 by CAPS Content Writer**

On this page, we have listed the 20 reasons on why cell phones should not be allowed at school. Many schools have different policies and regulations in terms of students bringing their cell phones at school. In South Africa, many schools do allow senior students to bring their cell phones, however, they are not allowed to use them inside the class. But, with the evolution of technology and learning trends, is there a way for cell phones to find their places in the classroom learning, without disturbing the student? At the moment I don't think this is possible at all.
Below are the general reasons and views that are shared by many schools in South Africa on why cell phones should not be allowed at schools.

**1. Cell Phones Cause Distraction in Class**
Let's be real—cell phones are a major distraction in the classroom. You can't expect students to focus when their phones are buzzing with texts, notifications, or the latest TikTok trend. Instead of paying attention to lessons, their minds are pulled elsewhere.
Picture this: during an important lesson, students are scrolling through social media instead of listening. Notifications keep popping up, and before you know it, half the class is distracted, missing key information.

**2. Cell Phones Encourage Cheating**
Think about it: with a phone in hand, cheating becomes effortless. Why study when you can just search for the answers or text your friend across the room during a test?
Imagine a test where students secretly use WhatsApp to share answers. With a quick glance at their phones, they can access the internet or get help from classmates, making cheating effortless.

**3. Cell Phones Enable Cyberbullying**
While phones help us stay connected, they also create space for harm. Cyberbullying becomes too easy, and it doesn't stop when the school day ends—it follows students home, leaving long-lasting effects on their mental health.
A student could be receiving hurtful messages on a school WhatsApp group, leaving them emotionally drained. Cyberbullying can follow them home, making school a constant source of anxiety.

**4. Cell Phones Contribute to Addiction**
Let's face it, we all know someone who can't go five minutes without checking their phone. For students, this can turn into an addiction, constantly pulling their attention away from more important things like schoolwork or even social interactions.
Think about how often students check their phones during breaks, in class, and even in the hallways. They can become addicted, feeling the need to check their phones every few minutes, affecting their concentration and relationships.

**5. Cell Phones Weaken Social Skills**
Remember when people actually talked to each other instead of just texting? Cellphones have replaced face-to-face conversations, making it harder for students to develop real social skills.
Instead of engaging in real conversations, students are often glued to their screens. Face-to-face communication suffers, and social skills erode as texting takes over.

**Continued...**

**6. Cell Phones Reduce Physical Activity**
While you're glued to your phone, exercise becomes an afterthought. Instead of playing sports or enjoying outdoor activities, students end up spending more time sitting down, scrolling through their feeds.
While some students are playing soccer during break, others are sitting under a tree, glued to their phones. The more time they spend on screens, the less time they spend being active, leading to health concerns.

**7. Cell Phones Disrupt Sleep Patterns**
Late-night scrolling? We've all been there. But for students, it messes with their sleep, leaving them exhausted the next day and struggling to focus in class.
A student stays up late texting and browsing social media. By the time they go to bed, it's past midnight, and they arrive at school exhausted, unable to focus in class the next day.

**8. Cell Phones Decrease Focus**
When there's a phone on the desk, it's game over for concentration. Phones split students' focus, making it hard to keep up with lessons or stay on task with assignments.
During an important lesson, a student keeps glancing at their phone to check messages. This constant distraction means they miss key points, and when it's time for an assignment, they struggle to keep up.

**9. Cell Phones Increase Privacy Concerns**
With social media and messaging apps, privacy becomes a concern. Students often overshare or engage in risky behaviour, sometimes without even realising the dangers.
A student posts their location on social media during school, unknowingly exposing themselves to online risks. Sharing personal information on phones can lead to dangerous situations like stalking or hacking.

**10. Cell Phones Cause Health Issues**
Ever feel that headache or eye strain after staring at a screen for too long? For students, it's even worse. Constant phone use can lead to all kinds of health issues, from headaches to poor posture.
After hours of staring at their phone, a student starts feeling eye strain and headaches. Prolonged use of mobile devices, especially without breaks, can lead to a variety of health issues.

**11. Cell Phones Create a Financial Burden**
We've all seen it—students breaking or losing their phones, only for their families to bear the cost of replacements. Phones can be a real financial strain, especially when accidents happen frequently.
Imagine a student drops their phone and cracks the screen during a sports event. The cost of repairs or replacements can be a financial burden, especially when it happens frequently.

**12. Cell Phones Lead to Disrespect for Authority**
When students are focused on their phones, they're more likely to disregard teachers and school rules. A phone in hand often means less respect for the learning environment.
During class, a student ignores the teacher's instructions to put away their phone. They continue texting, showing disrespect for both the teacher and classroom rules.

**13. Cell Phones Increase Cybercrime Risk**
Phones aren't just for chatting. They can also be used for risky online activities, like hacking or accessing illegal content, and schools struggle to keep track of it all.
A group of students might use their phones to access illegal websites or engage in hacking activities during school hours, unaware of the serious consequences of their actions.

**Continued...**

**14. Cell Phones Lower Respect for Learning**
When students have their phones out, it sends a clear message: schoolwork isn't the priority. They become more invested in social media and entertainment, losing interest in academics.
With their phone in hand, a student becomes more focused on social media than on the lesson being taught. Learning takes a back seat, as the phone becomes a priority over schoolwork.

**15. Cell Phones Diminish Responsibility**
Let's be honest—students aren't always the most careful. With phones, responsibility takes a hit, as they often lose, break, or misuse their devices without understanding the consequences.
A student forgets their phone in the bathroom or lends it to a friend, only for it to get lost or damaged. Responsibility for personal belongings declines, as they rely on others or the school to recover their devices.

**16. Cell Phones Hinder Critical Thinking**
Why bother solving a problem when Google's right there? Phones discourage critical thinking, making it harder for students to develop problem-solving skills or think independently.
When a difficult problem arises, instead of thinking it through, a student quickly Googles the answer. They miss out on developing critical thinking skills, as phones offer easy shortcuts.

**17. Cell Phones Suppress Creativity**
Think about it: when everything is laid out for you on a screen, where's the space for creativity? Phones stop students from thinking outside the box or coming up with new ideas.
A student working on a creative project spends more time browsing Pinterest for ideas than thinking of their own. Phones limit original thought, as students rely on ready-made content rather than coming up with their own ideas.

**18. Cell Phones Reduce Empathy**
Texting isn't the same as talking. Cellphones make it harder for students to connect emotionally, leading to a decline in empathy and real human understanding.
Texting replaces face-to-face conversations, making it harder for students to understand each other's emotions. Empathy decreases, as phone screens become a barrier to real emotional connections.

**19. Cell Phones Compromise Safety**
Using phones in school, especially during activities, can be dangerous. Distraction leads to accidents, and students often don't realise the risks they're taking when they're glued to their screens.
Imagine a student texting while walking to class and not paying attention to their surroundings. This could lead to accidents, especially in busy corridors or during outdoor activities.

**20. Cell Phones Erode School Community**
While phones keep us connected, they also isolate students from real social interactions. Instead of building a strong school community, students retreat into their devices, missing out on genuine connections with their peers.
During break times, instead of socialising, students are scattered around the school yard, isolated on their phones. The sense of community fades, as digital interactions replace real-life friendships.